



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING VIRTUEEL GEHOU OM 09:00
OP DINSDAG 27 OKTOBER 2020 TE BREDASDORP**

**MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD VIRTUALLY ON TUESDAY,
27 OCTOBER 2020 AT 09:00 AT BREDASDORP**

RAADSLEDE

MNR	P J SWART	Uitvoerende Burgemeester
ME	Z TONISI	Uitvoerende Onder-Burgemeester
MNR	G D BURGER	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
ME	M OCTOBER	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee

AMPTENARE

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansies- en IT Dienste
Mnr A Jacobs	Direkteur: Infrastruktuurdienste
Mnr H Kröhn	Direkteur: Bestuursdienste
Mnr G M Moelich	Komiteedienste
Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Me T Stone	Divisional Head: Strategic Planning & Administration

1. **OPENING**

Die Burgemeester heet die verteenwoordigers welkom en mnr O'Neill open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Geen.

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

4.1 **NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

25 Augustus 2020

BESLUIT BK34/2020

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE**

Geen.

6. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

Geen.

7. **VERSLAE**

Bladsy: Agenda

7.1 **VERSLAG VAN DIE INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE**

7.1.1	Maandverslag	3 - 4
7.1.2	Strategic Risk Register: 2020/21	4

7.2 **VERSLAG VAN DIE BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

7.2.1	Maandverslag	4 - 5
7.2.2	Aanbieding: Onderzoek - Verkeersdepartement	5
7.2.3	Strategic Risk Register: 2020/21	6
7.2.4	Status Quo SMT Verslae	6 - 9
7.2.5	Terugvoering - UBK: 25 Aug 2020	9 - 12
7.2.6	Voedselskema Verslag	12 - 14
7.2.7	Herstelwerk: Liefdesnessie	14 - 15
7.2.8	Expansion: Peace Officers on Bikes Programme	15 - 17
7.2.9	Draft Business Continuity Framework	18 - 20
7.2.10	Erection: Shelters for Health Net Patients	20 - 21

7.3 **VERSLAG VAN DIE FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

7.3.1	Maandverslag	21 - 22
7.3.2	Strategic Risk Register: 2020/21	23 - 26
7.3.3	Vervreemding (huur): Ged erf 4103, Struisbaai	26 - 27

8. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

9. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

11. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

12. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUIE**

Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op *bladsy 28*.

13. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee items word vertroulik hanteer.

14. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 10:20

7. **VERSLAE**

7.1 **INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE**

7.1.1 **VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE VIR JULIE EN AUGUSTUS 2020 /
REPORT FROM THE DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES FOR JULY AND
AUGUST 2020**

DOEL VAN VERSLAG / PURPOSE OF REPORT

Oorweging van die maandverslag vanaf die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Julie en Augustus 2020. /
Considering the monthly report from the Director: Infrastructure Services for July and August 2020.

AGTERGROND / BACKGROUND

Die maandverslag vir Augustus 2020 word aangeheg as bylae op *bladsy 1 tot 35*. / *The monthly report for August 2020 is attached as annexure on page 1 to 35.*

Die maandverslag vir Julie 2020 was reeds gesirkuleer tydens September 2020 se Komitee vergadering - Vir u inligting word 'n afskrif op bladsy 1 tot 36 ingesluit as 'n aparte dokument genaamd "Verslae". / The monthly report for July 2020 was already circulated during the September 2020 Committee meeting - For your information, a copy is included on page 1 to 36 as a separate document named "Verslae".

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir Julie en Augustus 2020 aanvaar word. /
That the monthly report from the Director: Infrastructure Services for July and August 2020 be accepted.

AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That the management recommendation be accepted.*

BESLUIT BK35/2020

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

7.1.2 **STRATEGIC RISK REGISTER: 2020/21 (DIRECTOR FEEDBACK)**

The strategic risks for 2020/21 are as follows:

RISK ITEM	RISK DESCRIPTION	RESIDUAL RISK EXPOSURE	RESIDUAL RISK	
R489	Inability to respond to disease outbreaks / pandemics	67.5	High	New
R487	Non-adherence to Restrictive Permit Conditions (Landfill Sites)	48	High	Transferred from 2019/20
R484	Financial viability of the municipality	47.5	High	Transferred from 2019/20
R485	Illegal Erection of Informal Structures and Land invasions	47.5	High	Transferred from 2019/20
R488	Inadequate Provision of water supply - source	36.75	Medium	Transferred from 2019/20
R486	Protest action / Civil unrest	33.75	Medium	Transferred from 2019/20

RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE

That Council take note of the current status of strategic risks.

RESOLUTION BK36/2020

The Mayco take note of abovementioned Risk Register.

7.2 **BESTUURSDIENSTE KOMITEE / MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE**

7.2.1 **MAANDVERSLAG: BESTUURSDIENSTE VIR AUGUSTUS EN SEPTEMBER 2020 / MONTHLY REPORT: MANAGEMENT SERVICES FOR AUGUST AND SEPTEMBER 2020**

DOEL VAN VERSLAG

Oorweging van die maandverslae vanaf Bestuursdienste vir Augustus en September 2020.

AGTERGROND

Verslae word soos volg aangeheg:

	<u>Bladsy / Page</u>
(i) Direkteur: Bestuursdienste / <i>Director: Management Services</i>	<i>Tydens vergadering</i>
(ii) Publieke Dienste / <i>Public Services</i>	36 - 45
(iii) Behuising / <i>Housing</i>	46 - 53
(iv) Biblioteekdienste / <i>Library Services</i>	54 - 60
(v) Beskermingsdienste / <i>Protection Services</i>	61 - 70
(vi) Menslike Ontwikkeling / <i>Human Development</i>	71 - 74

Maandverslae vir Augustus 2020 was reeds gesirkuleer tydens September 2020 se Komitee vergadering - Vir u inligting word 'n afskrif op bladsy 37 tot 78 ingesluit as 'n aparte dokument genaamd "Verslae". / Monthly reports for August 2020 was already circulated during the September 2020 Committee meeting - For your information, a copy on page 37 to 78 is included as a separate document named "Verslae".

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslae vanaf Bestuursdienste vir Augustus en September 2020 aanvaar word.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE

1. Augustus 2020 Maandverslae:

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat 'n "vandalisme plan" aan die Raad voorgelê word.
- (iii) Dat 'n status quo verslag ten opsigte van versekeringseise vir skade aan Raadseiendom, aan die UBK voorgelê word.
- (iv) Dat 'n behuisings "oorhandigingsplan" aan die UBK voorgelê word.
- (v) Dat Behuising 'n volledige verslag voorberei vir die hantering van "rent to own" vir elke dorp binne die regsgebied.
- (vi) Dat die Infrastruktuurdienste 'n grootmaatsdiens verslag vir die toekomstige behuisingsprojekte aan die Raad voorlê.

2. September 2020 Verslae:

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat 'n volledige verslag aan die UBK voorgelê word insake uitstaande versekeringseise asook 'n volledige skedule ten opsigte van bybetalings deur die Raad.
- (iii) Die aanbring van straatname en huisnommers moet **DRINGEND** afgehandel word.

BESLUIT BK37/2020

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

7.2.2 AANBIEDING: ONDERSOEK - VERKEERSDEPARTEMENT

Maurice Kannemeyer van Ultimate Traffic Solutions gee terugvoer aan die Bestuursdienste Komitee insake 'n ondersoekverslag wat uitgevoer is by die Verkeersdepartement.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die Raad kennis neem van die verslag.
- (ii) Dat die finale verslag gewerkswinkel en uitgevoer word.

BESLUIT BK38/2020

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

7.2.3 **STRATEGIC RISK REGISTER: 2020/21 (DIRECTOR FEEDBACK)**

The strategic risks for 2020/21 are as follows:

RISK ITEM	RISK DESCRIPTION	RESIDUAL RISK EXPOSURE	RESIDUAL RISK	
R489	Inability to respond to disease outbreaks / pandemics	67.5	High	New
R487	Non-adherence to Restrictive Permit Conditions (Landfill Sites)	48	High	Transferred from 2019/20
R484	Financial viability of the municipality	47.5	High	Transferred from 2019/20
R485	Illegal Erection of Informal Structures and Land invasions	47.5	High	Transferred from 2019/20
R488	Inadequate Provision of water supply - source	36.75	Medium	Transferred from 2019/20
R486	Protest action / Civil unrest	33.75	Medium	Transferred from 2019/20

MANAGEMENT RECOMMENDATION

For noting.

RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE

That the management recommendation be accepted.

RESOLUTION BK39/2020

That the Management Services Committee recommendation be accepted as a resolution of the Mayoral Committee.

7.2.4 **STATUS QUO SMT (SPECIAL MANAGEMENT TEAM) VERSLAE: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

(Hierdie item het gedien by die Bestuursdienste Komitee Vergadering van 21 September 2020)

DOEL VAN VERSLAG

Om aan die UBK te rapporteer rakende vordering met die SMT (Special Management Team) verslae soos op 30 September 2020 met verwysing na die sleutel prestasie areas.

AGTERGROND

Hieronder word aangedui watter SMT verslae teen die einde van September ingehandig moet wees teenoor die sleutel prestasie areas soos versoek:

REF	ITEM	SCOPE	PROGRESS AS AT 15 JUNE 2020	KPI	Sep-20
1	Sustainability of camping sites	The Council needs to be advised on the way forward. Should resorts be sold, leased and what are the possibilities of a public private partnership.	A report was tabled to Council and Portfolio Committee. A follow up report will be submitted with specific recommendations on the way forward.	Submit a report to Council with recommendations on the future management of resorts by 30 September 2020	1
5	Solar Geyser Project	Warm Water in all homes. Plan indicating time-tables on Implementing the project.	Solar geysers delivered. Training of installers will commence in July, Training provider has been appointed by DOE	Submit a program on timeframes for implementation of the solar geyser programme to the Mayco by the end of September 2020.	1
7	Expansion of the Peace Keepers On Bikes Programme	Safety, Employment opportunities and Human dignity. Plan that clearly indicates when the 60 people will be on the streets of Cape Agulhas. Plan what they will do differently from what ordinary law enforcement and traffic people do. Poor recruitment was done over past 2 years	18 POB Trained. Evaluasie oor die "peacekeepers on bikes" projek in Kaap Agulhas tov. Werkskepping, Gemeenskaps Veiligheid en Aanspreek van Menswaardigheid. Die getalle van die Peace Officers groei baie stadig. Die Peace Officers se opleiding wat deur Chrysalis Academy ontvang word werk nie vir ons nie, die getalle wat ons neem vir werwing is nie dieselfde met die opgeneem van die inname (intake) nie. Ons vind ook dat slegs een of twee van die getal persone wat aanvaar word die regte opleiding te kry (peace officer opleiding) en die ander wie die meerderheid is ander opleiding ontvang wat nie verband hou met die lynfunksie nie. Die Beskermingsdienste Afdeling benodig dringend nog van hierdie jong beamptes maar moet hulle opgeleiding self gereel word deur ons munisipaliteit onder 'n EPWP projek en moet vir toelaes (stipend) aansoek gedoen word by Departement	Investigate and submit a report to the Mayco on the current status of the project as well as the financial and other implications of expanding the programme by 30 September 2020	1
13	Huis tuine Kompetisie .	Arrange a garden competition in each ward.Criteria to be approved	Must specify where in each ward	Develop a programme and criteria for a garden competition in each ward by September 2020	
21	Herstelwerk by Liefdesnessie	Verlede jaar was bepaal dat alle herstelwerk by die Liefdesnessie gebou uit die bedryfs begroting van Myburg Briers gedoen sal word. Het ons nou al kwotasies aangevra vir die werk wat noodsaaklik is.	Maintenance items already provided. Manager: Public Services have arrangement that they must contact him should they need materials for maintenance purposes. They do the work themselves.	Submit a report to the Mayco on all maintenance carried out at Liefdesnessie over the past 3 years by 30 September 2020	

25	Ambulans Optel Punte	Gesprekke was in die UBK waarin duidelik melding gemaak was dat ons moet kyk na geskikte optel fasiliteite in elke dorp waar ons inwoners soggens kan wag vir die ambulans. Enige ?	This item is often raised by the public, and the ideal would be if the Department of Health would pick people up at their homes. Given they are responsible for patient transport, it is imperative that a solution align with their operation. It is therefore suggested that a meeting be convened with the Department of Health to discuss possible solutions.	Facilitate a meeting with the Department of Health to look at possible solutions to provide shelter for patients awaiting transport by 30 September 2020
39	Napier saal noodsaaklikhede	Ek het 2 jaar gelede gevra dat daar sekere noodsaaklike aanpassings by Napier saal aangebring word. Bedryfs begroting oa Handreels by inkom asook na verhoog. Verslag	Will be done from operational budget	Hand rails - stage and entrance to be upgraded by 30 September 2020
49	Verslag oor Oppi Koppi Huise	Steeds uitstaande	Report to Portfolio Committee	Status report to Mayco by 30 September 2020
50	Verslag oor "Rent 2 Own"	Dringend	Meeting will be held with Provincial officials ,Municipality and Implementing agent on beneficiary engagements .Meeting scheduled for 25 JunePresentation to MEC. Grand R 10 M. Report to Portfolio Committee	Status report to Mayco by 30 September 2020

Hieronder 'n tabel met items alreeds ingedien:

	Item nr	21 Sept	18 Aug	21 Jul	Mrt 20	Feb 20	12 Nov	10 Sept
Oppi Koppi	49	x	x	x				
Deferred Ownership	50	x	x	x	x			x
Kompetisie	13	x					x	x
NGO's Sop Kombuise	Council	x	x	x				
Strategic Risk	Counci	x	x					
Camping Sites	1			x			x	
Solar Geyser	5	x		x	x			
Piece Officers on Bikes	7	x			X			

Daar is dus alreeds 6 van die nege items ingedien. Items wat meer as een keer gedien het was aangebring om vordering te toon ten opsigte van daardie projekte en is projekte wat medium – tot lang termyn implikasies het.

Items uitstaande en waaroor daar vandag gerapporteer word:

Item 7 - Peace Officers on bikes – was al ingedien- maar nie in terme van wat vereis word deur sleutel prestasie area nie.

Item 13 - Huise tuine kompetisie – Was al voorgelê maar nie met soos vereis word deur sleutel prestasie area nie.

Item 21 - Herstelwerk by Liefdesnessie

Item 25 - Ambulans optel punte

Item 39 - Napier Saal noodsaaklikhede

Wat item 25 betref moet daar 'n vergadering met Departement gesondheid gereël word om staanplekke/skuiling/waghokkies te voorsien vir pasiente wie met behulp van die ambulans bussie na hospitale buite ons munisipale area vervoer moet word.

Die Bestuurder: Menslike Ontwikkeling het so 'n vergadering met alle relevante rolspelers gereël vir die 18de September om nege uur.

Wat item 25 betref is die handreëlings aangebring soos versoek was.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die UBK kennis neem ten opsigte van die status van die SMT verslae soos aangedui in die onderskeie sleutel prestasie areas.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE (21 SEPTEMBER 2020)

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT BK40/2020

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

7.2.5 **TERUGVOERING - UITVOERENDE BURGEMEESTER KOMITEE: 25 AUGUSTUS 2020**

(Hierdie item het gedien by die Bestuursdienste Komitee Vergadering van 21 September 2020)

DOEL VAN VERSLAG

Om aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee terugvoering te verskaf rakende die items wat betrekking het op die Direkoraat: Bestuursdienste.

AGTERGROND

Tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee Vergadering van 25 Augustus 2020 was onderstaande besluite geneem:

(a) ALGEMEEN

'n Dringende vergadering moet belê word wat die koördinerings van die behuisingsprojekte bespreek (bouvebeheer, behuising, elektrisiteit en ASLA).'

'n Dringende aanlyn vergadering (MS Teams) was gereël op 26 Augustus 2020 om alle hindernisse ten opsigte van huise oorhandigings te bespreek. Teenwoordig met die vergadering was die Munisipale Bestuurder, David Douglas en Pierre Blaauw van ASLA, Direkteur: Bestuursdienste, Bestuurder: Boubeheer asook Bestuurder: Elektrisiteit.

Na 'n breedvoerige bespreking was daar ooreengekom dat alle uitstaande subsidie aansoeke so spoedig moontlik op die behuisingsdatabasis van DoHS ingesleutel moet word sodat dit so spoedig moontlik goedgekeur kan word. Die Bestuurder: Behuising en sy amptenare het na-ure en op Saterdag heeldag gewerk om alle subsidie aansoeke te voltooi en te verifieer om op databasis in te sleutel.

Die betrokke amptenare was op 8, 9 en 10 September 2020 by DoHS om alle aansoeke in te sleutel op databasis. Die beraamde tyd vir al die uitstaande subsidies is ongeveer twee weke vanaf Maandag, 14 September 2020. Daar is tans voldoende goedgekeurde aansoeke om nie die proses van oorhandigings te vertraag nie.

AANBEVELING

Dat die Bestuurder: Behuising verseker dat oorhandigings nie vertraag word as gevolg van 'n tekort aan kwalifiserende begunstigdes nie.

(b) MAANDVERSLAE

- (i) *Dat die beleid ten opsigte van besprekings by oorde hersien word.*
- (ii) *Dat die beleid ten opsigte van water- en elektrisiteitsaansluitings by behuisingprojekte gefinaliseer word.*
- (iii) *Dat ondersoek ingestel word na die influks van buitelandse inwoners in ons gebied.*

(i) BELEID TEN OPSIGTE VAN KANSELLASIE VAN BESPREKINGS / KEURING VAN AANSOEKE

A. KANSELLASIE VAN BESPREKINGS WORD AS VOLG HANTEER:

1. Ingeval van ernstige siekte of dood van naasbestaendes moet skriftelike bewys daarvan voorgelê word en sal gelde reeds betaal, terugbetaal word nadat die 15% administrasiefooi afgetrek is.
2. In ander onvoorsiene / onvermydelike omstandighede wat skriftelik gemotiveer is met stawende bewyse wat na die oordeel van die Munisipale Bestuurder voldoende meriete het, sal gelde reeds betaal, terugbetaal word nadat die 15% administrasiefooi afgetrek is.
3. Kansellasië weens enige ander omstandighede moet die Raad minstens 60 (sestig) dae voor die bespreekte datum(s) bereik in welke geval die gelde reeds betaal, terugbetaal word nadat die 15% administrasiefooi afgetrek is.
4. Geen gelde sal terugbetaal word in ander omstandighede as hierbo genoem nie.

B. KEURINGSPROSES VIR CHALETS EN WOONWA STAANPLEKKE VIR DIE DESEMBER FEESSEISOEN WORD AS VOLG HANTEER:

- Sluitingsdatum vir alle aansoeke sal einde Mei van die betrokke jaar wees.
- Keuringsprosesse word einde Julie afgehandel, waarna die aansoeker van die uitslag in kennis gestel sal word.
- **Kriteria waarvolgens keuring gedoen sal word:**
 1. Voorkeur aan aansoeker wat 3 (drie) weke en langer staanplekke wil bespreek.
 2. Voorkeur aan aansoeker wat chalets 2 (twee) weke en langer wil bespreek.
 3. Indien "ou" kampeerders voldoen aan bogenoemde kan hul aandrang op 'n spesifieke plot of chalet.
 4. Alle ander aansoeke sal gekeur word afhangende van die tydperk van bespreking. Dit wil sê langer periodes kry nog steeds voorkeur.
 5. Laat aansoeke word op 'n waglys geplaas en geakkommodeer waar moontlik.
 6. Datum van aansoeke sal slegs 'n rol speel by die keuringsprosesse indien die tydperk van aansoeke /besprekings dieselfde is.
- Goedgekeurde aansoekers moet voor/op 30 September van die betrokke jaar die volle bedrag vir die periode, soos ooreengekom, betaal. Sou die aansoeker in gebreke bly om aan die versoek te voldoen, word die aansoek op die waglys geplaas.
- Indien 'n aansoeker na Julie van die betrokke jaar sy / haar aansoek periode drasties verkort, word die verblyf verbeur en word die aansoek op die waglys geplaas.
- **ONDERVERHURING VAN CHALETS OF STAANPLEKKE MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE PLAASVIND NIE.**

AANBEVELING

Dat enige kommentaar op die bestaande beleid teen 30 September 2020 aan die Direkteur: Bestuursdienste voorsien word vir oorweging deur die Raad vir die maandelike hersiening van die beleid.

(ii) **BELEID TEN OPSIGTE VAN WATER- EN ELEKTRISITEITSAANSLUITINGS BY BEHUISINGSPROJEKTE**

Hierdie beleid resorteer nie onder die Direkoraat: Bestuursdienste nie en moet na die die Direkoraat Finansies en/of Direkoraat: Infrastruktuurdienste verwys word.

(iii) **INVLOEI VAN BUITELANDSE INWONERS IN ONS GEBIED**

Onderstaande inligting mees onlangse syfers uit die verslag van PEP verkry.

CAM Informal Settlements			
Oukamp	Oct-19	HHS	%
	total HHs enumerated	166	100%
	SA Citizens	88	53%
	Foreign Nationals	78	47%
Napier	Nov-19		
	total HHs enumerated	197	100%
	SA Citizens	159	81%
	Foreign Nationals	38	19%
Zwelitsha	Feb-20		
	total HHs enumerated	982	100%
	SA Citizens	609	62%
	Foreign Nationals	373	38%
CAM Iss	total HHs enumerated	1345	100%
	SA Citizens	856	64%
	Foreign Nationals	489	36%

Dit moet vermeld word dat wat oprigting van onwettige strukture betref dit gereeld gemonitor word en onder beheer is. Die afleiding kan gemaak word dat die meerderheid van die informele strukture aan die die "Foreign Nationals" verhuur word.

AANBEVELING

Dat daar geskakel word met die verantwoordelike wetstoepassingsowerhede en Departement van Binnelandse Sake om kwessies van onwettige buitelanders aan te spreek.

(c) **OPPI KOPPI HUISE**

- (i) *Dat daar met die DoHS onderhandel word rakende die finansiering van die projek, en dat die opsies op skrif verkry word aangaande die maandelike opsies wat gevolg kan word.*
- (ii) *Dat die prosesse gevolg word soos uiteengesit in die tabel, afhangende van die uitslag van proses 1 in tabel.*

- (i) **Onderstaande die verslag van die Bestuurder: Behuising ten opsigte van sy gesprek met die DoHS:**

DOEL VAN VERSLAG

Om terugvoering aan die UBK te verskaf rakende die gesprek met die DoHS rakende die implementering van die program.

AGTERGROND

Verskeie klagtes is oor die jare deur die gemeenskap gegee oor die toestand van hierdie huise. Die projek is al 'n paar jaar voltooi, maar as gevolg van swak vakmanskap is daar verskeie probleme.

Die klagtes is onder andere krake in mure, nattigheid, dakke wat lek en algemene swak toestand van die wonings. Daar was ook al verskeie kere waar die munisipaliteit van die gebreke aangespreek het. Daar is 'n voorstel dat die huise teruggekoop word en befondsing verkry word vir die herstel van die wonings.

WETLIKE IMPLIKASIE

MFMA - Die Raad mag nie fondse spandeer op privaat eiendom nie.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Met 'n onlangse besoek aan die Departement Menslike Nedersettings was die Bestuurder getaak om 'n gesprek te voer met senior projek bestuur van provinsie rondom moontlike befondsing van die projek. Tydens gespreksvoering was dit duidelik gestel dat die Departement nie befondsing het om die projek te finansier nie. Begrotings is met meer as R200 miljoen gesny en die fokus is slegs op huidige behuisingsprojekte asook projekte soos per goedgekeurde besigheidsplanne.

AANBEVELING

Dat die UBK kennis neem van die uitkoms van die gesprek met Departement Menslike Nedersettings.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die UBK kennis neem van bogenoemde terugvoering en aanbevelings.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE (21 SEPTEMBER 2020)

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT BK41/2020

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

7.2.6 **VOEDSELSKEMA VERSLAG**

DOEL VAN VERSLAG

Terugvoering ten opsigte van die vordering van die voedselskemas in Kaap Agulhas.

AGTERGROND

Die Raad het 'n bedrag van R760 000,00 toegeken vir die implementering van die winter sokkombuise vir die 2020/2021 finansiële jaar in die onderskeie dorpe.

Organisasies soos onder andere: Bredasdorp Voeding en Ontwikkeling sentrum, Liefdesnessie, Arniston Vissersunie, Meals on Wheels, Geluksoord, Nuwerus Nasorg Napier, Kindersorg Napier en Nuwejaarsrivier Natuurresewaat NPC het hul befondsing middel Junie 2020 ontvang, en BCLF en Concern Mothers het eers hulle finansiële toekennings twee weke daarna ontvang.

Laasgenoemde organisasies behalwe Nuwejaarsrivier Natuurresewaat NPC, het ooreengekom dat die voedingskemas vir 'n tydperk van drie maande geïmplementeer gaan word. Nuwejaarsrivier Natuurresewaat NPC het ingestem om vir vyf maande maaltye aan gemeenskappe in Bredasdorp, Elim, Napier en Struisbaai te voorsien.

STATUS VAN SOPKOMBUIS PROJEKTE

Die onderstaande verslag is 'n samevatting ten opsigte van die funksionering van die voedingskemas sedert middel Junie 2020 tot September 2020:

ORGANISASIE	AANTAL BEGUNSTIGDES	BEDRAG TOEGEKEN	% SPANDEER
Bredasdorp Voeding en Ontwikkeling (Bredasdorp sokombuis)	8 584	R50 000.00	100%
Bredasdorp Voeding en Ontwikkeling (Protem)	1 180	R10 000.00	100%
Bredasdorp Voeding en Ontwikkeling (Klipdale)	1 384	R10 000.00	100%
Meals on Wheels	10 052	R50 000.00	100%
Geluksoord	5 120	R30 000.00	100%
Liefdesnessie	5 821	R50 000.00	100%
Arniston Vissersunie	2 939	R20 000.00	100%
Nuwerus Napier Nasorg	5 600	R20 000.00	100%
Kindersorg Napier	1 608	R20 000.00	100%
Concern Mother	10 000 <i>(Het aangedui dat hulle addisionele donasies ontvang het en daarom kon hulle meer maaltye bedien)</i>	R 50 000.00	100%
Nuwejaars Natuurresewaat NPC	157 667	R400 000.00	90%
Bredasdorp Christen Leiers	47 600 <i>(Het aangedui dat hulle addisionele donasies ontvang het en daarom kon hulle meer maaltye bedien)</i>	R50 000.00	100%

KOMMENTAAR

'n Totaal van **257 555** maaltye was vanaf middel Junie 2020 tot einde September 2020 aan behoeftiges in die onderskeie dorpe voorsien. Nuwejaarsrivier NPC is die enigste organisasie wie nog voedsel tot einde Oktober 2020 aan Elim, Napier, Struisbaai en Bredasdorp se gemeenskappe sal voorsien.

WETLIKE IMPLIKASIE

1. Die Munisipale Finansiële Bestuurswet
2. COVID 19 Regulasies

FINANSIËLE IMPLIKASIE

2020 Winter Sopkombuis projek:

ORGANISASIE	BEDRAG
SMA (Nuwejaars Rivier Natuur Resevaat) NPC	R 400 000
Bredasdorp Voeding en Ontwikkelingsentrum	R 50 000
Liefdesnessie	R 50 000
Concern Mothers	R 50 000
Nuwerus Napier	R 20 000
Kindersorg Napier	R 20 000
Meals on Wheels	R 50 000
Geluksoord - Elim	R 30 000
Vissersunie	R 20 000
BLF Wyk 6 - Bredasdorp	R 50 000
Klipdale	R 10 000
Protem	R 10 000
TOTAAL	R 760 000

BESTUURSAANBEVELING

Dat kennis geneem word van die verslag soos per uitvoering van Raadsbesluite.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT BK42/2020

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

7.2.7 **HERSTELWERK: LIEFDESNESSIE**

(Hierdie item het gedien by die Bestuursdienste Komitee Vergadering van 21 September 2020)

DOEL VAN VERSLAG

Om aan die UBK te rapporteer rakende onderhoud wat gedoen word by Liefdesnessie.

AGTERGROND

Aangesien dit slegs hulp is wat verleen word ten opsigte van die onderhoud van die gebou, word alle kostes aangegaan uit die bedryfsrekening gefinansier. Die Bestuurder: Publieke Dienste het 'n vaste reëling met Liefdesnessie dat onderhoud op 'n aanvraag basis geskied. Indien noodsaaklike herstelwerk verrig moet word sal die Bestuurder: Publieke Dienste gekontak word en die omvang van die werk bepaal word deur inspeksie, waarna die nodige voorraad voorsien sal word. Die verdere reëling is dat Liefdesnessie self verantwoordelik sal wees om arbeid te verskaf. Die Bestuurder: Publieke Dienste het aangedui dat hierdie kostes huidiglik minimaal is en ongeveer R4 000,00 per jaar beloop.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die UBK kennis neem ten opsigte van die reëlings met betrekking tot die onderhoud van Liefdesnessie.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE (21 SEPTEMBER 2020)

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT BK43/2020

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterkomitee aanvaar word.

7.2.8 **EXPANSION OF THE PEACE OFFICERS ON BIKES PROGRAMME**

(Hierdie item het gedien by die Bestuursdienste Komitee Vergadering van 21 September 2020)

REPORT BY THE MANAGER PROTECTION SERVICES

PURPOSE OF REPORT

To investigate the current status of the project as well as the financial and other implications of expanding the programme by 30 September 2020.

This programme will improve the quality of life in the community and offer greater public reassurance to a safer environment by expanding the number of the Peace Officers on Bikes. It will create more employment opportunities and provide work experience to the Youth which will work closely with the Municipal Law Enforcement and SAPS in the different areas.

BACKGROUND

Cape Agulhas Municipality is actively involved in the improvement and development of the unemployed youth. This will ensure that everyone is responsible for safety and in the process empower the youth. The programme of sixty (60) Peace Officers of Bikes started on the 05th of August 2019 when the first eleven (11) officers completed their training at Chrysalis Academy and deployed by the Protection Services Division to help keep the peace through visible patrols on bikes within their own communities.

The Peace Officers promote a safe and healthy environment, by expanding the unit it will improve their primary duty which is to serve and protect the people and their property in all towns. Their common duties regarding safety will include controlling pedestrians crossings and traffic at areas close to schools, patrolling in neighbourhoods, assisting tourists with information about the area, responding to emergency calls, making citizen arrests and submitting incident reports in a timely manner.

DISCUSSION

The current status of the project: The project is currently funded by The Department of Community Safety, Western Cape Government. The Peace Officers each receive a monthly stipend payment of R125.00 per day. The contract with The Department of Community Safety is for one year and six months and will expire on the 4 February 2021.

IMPLICATIONS OF EXPANDING

Training:

The recruitment through the Chrysalis Academy Training Programme is taking very long, because they must focus on the whole Western Cape Province with every intake. The fact that the Peace Officer Course is accredited training and high priority to all municipalities can the institution only train a certain number of students with every intake. The training is a specialist field and therefore is the training provided by an external service provider.

The need is that the Protection Services Division do the recruitment for the expanding of the programme themselves with the same criteria as the Chrysalis Academy for the youth to qualify for the recruitment.

The municipality must then appoint an external service provider to provide the training at the Anene Booyesen Training Centre in Bredasdorp. The sixty (60) members identified (recruitment) for the training can then be break down into three (3) groups of twenty (20) members to fit the classes which is the maximum capacity of the classroom.

The training is a five (5) in one course and include the following:

- Law Enforcement Course
- Traffic Warden Course
- Peace Officer Course
- Anti-Corruption Course
- Section 54 (Delivering of Traffic Summonses)

Cost of training: R4 577,70 per person
Time frame of training: 14 days per class
Recruitment and training period: Oct - Nov 2020

Other Development:

- Physical Fitness
- Live Skills
- Diversity Awareness
- Conflict Management Skills
- Safety and Security
- Basic Fire Fitting
- First Aid (Basic Live Support)

Appointments:

Appointment of 60 Peace Officers on Bikes: 1 December 2020 (three (3) month trial period and One (1) year contract subject to successful completion of probation period)

EPWP Project: Peace Officers on Bikes

Duration of Project

Period of 12 months: Starting 1 December 2020 till 30 November 2020

Proposed Salary

Salary: R150,00 Per person per day - calculated over twenty working per month which equal to R3 000,00 p/p

Shift System

It will be expected from all incumbents to work shifts.

Proposed shifts:

SHIFT	START	END	LUNCH HOUR	
1	06h00	15h00	11h00	12h00
2	10h00	19h00	15h00	16h00
3	14h00	23h00	19h00	20h00
4	18h00	03h00	23h00	00h00

Transport

